



Redaksioneel

Met genoeg bied die redaksie van *In die Skriflig* hierdie dubbelnommer aan die lesers. Vanweë die publikasie van die Supplement-uitgawe oor Calvin word hierdie dubbelnommer gepubliseer om reg te laat geskied aan 'n aantal gewaardeerde skrywers wat weereens van *In die Skriflig* gebruik gemaak het om teologies te diskusseer en hulle nuwere navorsingsresultate aan lesers bekend te stel. Hartlike dank daarvoor!

Fritz de Wet en Hennie Pieterse beweeg op die terrein van die metateorie in Praktiese Teologie. Hulle toon aan dat navorsing in die prinsipiële teologie en die praxis van die samelewing van mense nie beoefen kan word indien navorsers nie hulle vertrekpunte en vooronderstellings duidelik uitspel nie. Daar is 'n noue verband tussen metateorie en praktykteorie en die twee skrywers belig hierdie verband vanuit 'n reformatoriese perspektief. Hulle artikel wys weer op die belangrikheid wat teologiese vertrekpunte in navorsing speel en op die noodsaak van navorsers om hulle vertrekpunte uit te spel. Daardeur verstaan ons mekaar beter en kan teologiese navorsing in verskillende tradisies mekaar aanvul en verryk.

Filosofie en Teologie het nog altyd in noue verband met mekaar gestaan en hierdie verbintenis is veral in die reformatoriese tradisie belangrik geag. Renato Coletto behandel die gebruik van die Bybel deur die bekende filosowe Dooyeweerd en Vollenhoven en wys op die insigte wat Klapwijk in hierdie verband aanbied. Vir al hierdie filosowe was die Bybel belangrik in filosofiese besinning. By die stof wat Coletto aandui, kan ook gesê word dat die Reformatoriese Filosofie 'n belangrike bydrae gelewer het tot die regte gebruik van die Bybel in die teologie en die Christelike lewe. Getrou aan die tradisie van Calvin en latere hervormers het die Reformatoriese Filosofie die belang van die besondere Godsopenbaring vir al die terreine van die samelewing uitgespel en gelowiges daaraan herinner dat die Christelike lewe meer is as die spirituele en 'n moralistiese aanpak van vraagstukke

Nog 'n artikel oor metodologie is die bydrae van Rian Venter. Hy ondersoek die metodologie van die trinitariese teologie. Hy bespreek

verskeie wyses waarop daar na God verwys word en beweeg daarvandaan na 'n verdere ontginning van die ontwikkeling en moontlikhede van die trinitariese teologie. Ook hierin lê 'n besondere bydrae tot die reformatoriese teologie. Dieselfde geld vir die artikel van Andrie du Toit oor die problematiek van verskeie woordgroepe in die vertaling van Romeine. Hy bespreek verskeie vertalings, bied bepaalde moontlikhede aan en bepleit ten slotte 'n verdere omgaan met die teks eerder as om in die tradisionele vertalings te bly vassteek.

Fanie van die Schyff en Ben de Klerk skryf oor basisteoretiese vertrekpunte vir die begroning van 'n skrifgefundeerde liturgie. Hulle gaan van die standpunt uit dat liturgie alle godsdienstige handeling van gelowiges behels wanneer hulle God "ontmoet", Hom aanbid en na Hom luister. Hulle maak 'n saak daarvoor uit dat die konsep *liturgie* meer is as net dit wat in die kerklike erediens gebeur. Liturgie is 'n dinamiese aktiwiteit wat op die aanbidding van God dui soos dit uit die erediens na die daaglikse lewe oorstroom. Vir hierdie standpunt formuleer hulle 'n basisteorie waarin die begrippe *koninkryk* en *verbond* sentraal staan.

Douw en Gert Breed besin oor diakonale werk na aanleiding van Handeling 6:1-7. Hulle vra die vraag of hierdie gedeelte werklik die diakonale diens beskryf en konkludeer dat Handeling 6 nie oor die instelling van die besondere diens van die diaken handel nie, maar oor die dinamiese werk van die Heilige Gees binne die kerk. Die kerk het in daardie tyd met dienswerk 'n probleem gehad as gevolg van die vinnige groei van die gemeente. Edmund de Beer, wat bekend is vir sy werk in die arbeidsetiek, gee 'n teologies-etiese beoordeling van onwettige immigrasie. Hy behandel die oorsake, die gevolge en die rol wat die owerheid speel om dit te bekamp. Ten slotte bied hy etiese riglyne aan vir gebruik deur morele rolspelers ten einde die vraagstuk te hanteer. Hierdie artikel lewer 'n baie aktuele bydrae.

Die demonologie kry aandag in die artikel van Johan Janse van Rensburg van die Universiteit van die Vrystaat. Hy betoog dat 'n kwalitatiewe ondersoek van 'n bediening van demonbevridding wel wetenskaplik gedoen kan word en hy stel self 'n metodologie vir sodanige ondersoek voor. Bob Wielenga, bekende sendingkundige en Ou-Testamentikus, ontwikkel in sy artikel 'n reformatoriese perspektief op Bybellees in Afrika deur gewone lesers. Hy doen dit teen die agtergrond van die realiteit van die mondelinge en halfgeskoolde kulture van Afrika. Hy meen dat die reformatoriese benadering, met sy klem op die kerk as lokus vir Bybellees en die leiding van die

Heilige Gees in die verstaan van die Bybel, die weg open om uit die dilemma van gewone en professionele Bybellees te kom. Elijah Baloyi van Unisa wys in sy artikel op die rol wat predikante moet en kan speel in die bediening van enkellopende volwassenes. Hy pleit dat die kerklike bediening van hierdie persone opgeskerp moet word. Lynette Steyn het haar M.A.-graad verwerf met 'n verhandeling oor Spreuke 3. Uit hierdie verhandeling skryf sy hoe die wysheid tot sy reg kom in die gewone lewe.

Die diskussie tussen Gerrie Snyman en Amie van Wyk oor die “etiek van Bybellees” word in hierdie uitgawe voortgesit. Gerrie behandel die belang van kontekstualiteit. Kontekstualiteit staan teenoor 'n objektiewe benadering. Die artikel fokus op rasionaliteit, die Pneumatologie en Christologie. Hy verwys na die teologiese regverdiging van apartheid en die besluit van die algemene sinode van die GKSA oor die uitsluiting van vroue uit die besondere dienste as bewyse dat die Bybel deur lesers verskillend gelees word as gevolg van die verskillende kontekste van die lesers.

In hierdie uitgawe word ook verskillende resensies aangebied en ons vertrou dat die lesers van *In die Skriflig* hierdie uitgawe verrykend sal vind.

J.M. Vorster
Redakteur: *In die Skriflig*

